# Rapportryerbeweging

## Draers van die boodskap

### ONTSTAAN VAN DIE RAPPORTRYERBEWEGING

Met die inwyding van die Voortrekker-monument in 1949, het perdekommando's van dwarsoor die land, selfs vanuit die voor-malige S.W.A. en Rhodesië, na Pretoria met groeteboodskappe vertrek.

Die gedagte het by hulle ontstaan om 'n reünie van hierdie "Rapportryers" te hou, en 'n klub te stig vir Afrikaners, waar hulle hul Christenskap en Afrikanerkultuur kan uitleef, gesellig saam kan verkeer en net baie lekker kuier. Die klub is die volgende jaar in die destydse bekende Bloukamer, te Parkstasie in Johannesburg, gestig en het bekend gestaan as die Rapportryerklub. Die klub het dinamies gegroei tot die landwye volksdiens- en kultuurbeweging, bekend as die die Federasie van Rapportyerskorpse.

Mettertyd is die Junior Rapportryers ook gestig vir manne onder 35 jaar oud. In 2000 het die Federasie van Rapportryerskorpse ontbind en saamgesmelt met die Junior Rapportryerbeweging, waarna die naam verander is na die Rapportryerbeweging (RRB).

### HOE LYK DIE RAPPORTRYERBEWEGING VANDAG?

Die RRB bestaan uit korpse wat in elke dorp of stad gevestig kan word. Daar kan meer as een korps in 'n dorp of stad wees. Korpse in 'n provinsie werk nóú saam.

Korpse hou normaalweg een keer per maand 'n vergadering of byeenkoms. Getrou aan tradisie, word dit dikwels met 'n vleisbraai afgesluit.

'n Provinsiale vergadering, of beraad, word elke tweede jaar gehou – die jaar wanneer daar nie 'n Landsberaad plaasvind nie.

Die vergadering/provinsiale beraad word deur soveel lede moontlik, van die betrokke provinsie, bygewoon. Die voorsitter, wat tydens hierdie byeenkoms verkies word, dien ook as lid van die Rapportryerraad.

Die Rapportryerraad van die RRB vergader, soos omstandighede dit vereis, twee keer per jaar. Indien nodig, hou hulle ook telefoonkonferensies.

Die Landsberaad, wat deur alle lede bygewoon kan word, word elke tweede jaar gehou. Dit begin normaalweg op 'n Vrydagaand en strek tot die Saterdagaand, en word met 'n dinee afgesluit. Beraadgangers woon gewoonlik gesamentlik 'n kerkdiens die Sondag by, alvorens hulle uitmekaar gaan.

Die RRB is 'n nie-winsgewende en 'n nie-politieke organisasie.

Ledegeld word van tyd tot tyd deur die Rapportryerraad vasgestel. Veteraanlede, gesinslede en lede onder die ouderdom van 27 jaar, kom in aanmerking vir ledegeldtoegewings.

### GRONDSLAG

Die RRB berus op 'n Christelik-Afrikaanse grondslag.

### STREWE

Die RRB streef daarna om:

1. Die Afrikaanse taal, sedes en gewoontes - soos geopenbaar in sy Christelike geloof - geskiedenis en tradisies te ontwikkel, uit te leef, te handhaaf en te bevorder, met die jeug en gesonde gesinsbande as vertrekpunt.

2. Patriotisme en 'n lojale samehorigheidsgevoel in eie geledere en onder almal wat die Rapportryerbeweging se grondslag en doelstellings aanvaar, te bevorder.

@rapportryersrrb

www.rapportryers.co.za

# Rapportryerbeweging

## Draers van die boodskap

### LEUSE

Die leuse van die RRB ondersteun die wese van die beweging en word dus soos volg verwoord:

Draers van die boodskap

### VEREISTES VIR LIDMAATSKAP

1. Christenskap
2. Afrikaanssprekend
3. 'n Liefde vir die Afrikaanse taal en die Afrikanerkultuur
4. Nie lid van `n organisasie waarvan die grondwet strydig is met dié van die Rapportryerbeweging nie.

**Word deel van ons…**

- Kameraadskap
- Uitleef van jou kultuur
- Spanwerk
- Liefde vir jou land
- “Jeugweerbaarheid”
- Christelike Waardes
- Diensbaarheid
- Liefde vir jou taal
- Samehorigheid
- Gesellige samesyn

### WAT BIED DIE RAPPORTRYERS?

U word ’n lid van ’n NASIONALE organisasie wat eenders dink en voel oor die visie, strewe, doelstellings en waardes van die organisasie.

Lidmaatskap stel u in staat om:

1. Sosiaal te verkeer met eendersdenkende mense en hegte bande te vorm, saamkuier en onbevange Afrikaans te kan wees.

2. U gedagtes en kwellings te deel met mense wat ook soos u voel en dink.

3. U te bevind binne ‘n struktuur wat u in staat stel om vir u medemens van waarde te wees, deur op verskeie maniere diens te lewer aan u gemeenskap.

4. U kan as deel van u korps kreatiewe projekte in u gemeenskap begin.

5. U kan meedoen aan Nasionale projekte soos die:

   i. Bybelvasvra-kompetisie vir Laerskoolleerlinge en Hoërskoolleerlinge.
   ii. Die Ouboet-projek (avontuurnaweke vir behoeftige seuns).
   iii. Geskiedenisuitstappies vir leerlinge. (Toesien dat die Afrikanergeskiedenis behoue bly).
   iv. Afrikaner-erfenisprojek. (Opspoor, noteer en bewaar van erfenisse.)
   v. Pro-afrikaanseprojek vir hoërskoolleerders.

6. U kry die geleentheid om netwerke op te bou en in aanraking te kom met mede-Afrikaners uit verskillende agtergronde en beroepe.

7. U het toegang tot die groter Afrikaner-kultuurgemeenskap, omdat die organisasie se hoofbestuur, in samewerking met ander Afrikaanse organisasies, aktuele onderwerpe bespreek en van tyd tot tyd saamwerk aan gemeenskaplike doelwitte.

Van die organisasies waarmee ons tans saamwerk is:

Die Afrikaanse Taalraad, Vriende van Afrikaans, die Voortrekkermonument en Natuurreservaat (insluitend die Bloedrivierterrein), die Erfenisstigting (insluitend Afrikaner erfenisterreine wêreldwyd), die FAK, Afriforum, Afrikaner Belange Netwerk, die Vryburgers, Die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging, Die Voortrekkers, die ATKV en Die Dameskring.

Daar is nie nog ‘ n organisasie soos die Rapportryerbeweging wat oor ‘n wye front alle aspekte van die Afrikaner se taal, kultuur, godsdiens en gesinsbande versterk nie.